

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 30 Oktober 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

Omgee:

- Isébel Macleod het 'n kwaadaardige gewas in haar lewer en het chemo behandeling ontvang in die Donald Gordon hospitaal.
- Martie Ackerman ontvang chemo behandeling.
- Chatye Rensburg is ook met kanker gediagnoseer.
- Jacques Moolman se pa is met 'n gewas op die brein gediagnoseer en ontvang chemo behandeling.
- Oom Johan Steyn se kanker het versprei na sy buik. Hy moet 'n reeks bestralings kry.
- Rita Kruger se knieë is baie geswel en seer.
- Kai Volschenk is Vrydag begrawe. Sy skoonseun, Carel Cornelissen, was ook in 'n motorkaping en Fanie Olivier, getroud met Michelle (kleindogter) in 'n ongeluk vorige Vrydag.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerkt: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☀

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.
- Die **Gesinne-selgroep** behandel weer volgende Sondagoggend (30 Okt) na die erediens 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson ("You were born for this"). Enigiemand is welkom om dit by te woon.
- Almal wat belangstel om deel te wees van die **Kerssangdiens-program**, word uitgenooi om **Woensdagaand (2 Nov)** van 19:00 tot 21:00 te kom oefen. *lees ook die inligtingstukkies verderaan in DLK.
- Kursusse en seminare vir die res van die jaar: **5 November Heilige Gees Seminaar Bergbron.**
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag skink Groep 6, DIAKENS. Volgende Sondag is dit Groep 1, Susan Botha, Mariëtte, Annette en Maureen, se beurt.
- **Albertina**, wat jare vir oom Hendrik gewerk het, soek dringend nog stukwerk – (079 657 2479) of sê vir Ankie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Kerssangdiens DV op 27 November...

oefening Woensdag, 2 November, 19:00

- Soos vorige jare beplan ons om hierdie jaar weer 'n geleentheid te bied aan elkeen in ons gemeente en daarbuite om die geboorte van Jesus Christus te gedenk met musiek, sang en voordragte.
- Wentzel du Plessis het ingestem om weer te kom help met die saamstel, begelei en inoefen van die program.
- Elke lidmaat wat bereid is, kan betrokke raak.
- As jy musikale talent het, is daar ruimte vir sangers en soliste, verskeie instrumente in die *band* en vir solo's, ook iemand wat goed trompet kan speel.
- As jy dramatalent het, kom bied jouself aan vir voordragte (*skits*), of kort uitbeeldings/dialoge.
- As jy kan help met die opmaak van die verhoog en die kerk (manne en vroue), sê asseblief vir ds Stephan of Ilse-Marié.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

04/11	TINUS FORTUNE	082 633 2522
05/11	DANICA DU TOIT (7)	082 255 3141
05/11	ARTHUR VAN NIEKERK	082 769 9730

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: Hy wil die beste vir ons hê

Deur Benescke Janse van Rensburg

Tien jaar lank het 'n naamlose Filippynse visserman 'n tamaai pêrel van 34kg onder sy bed versteek. Hy het geglo dat dit vir hom 'n gelukbringer is. Eers toe sy houthut afbrand, het hy dit aan toerisme-beamptes gewys wat bepaal het dat dit sowat R1,3 miljard werd is.

Omdat die visserman nie die waarde van die pêrel besef het nie, het hy vir 'n dekade lank 'n sukkelaarsbestaan gevoer en in sy klein, vervalde houthutjie gebly. Eers toe sy huis afbrand en hy alles “verloor” het, het hy besef wat hy eintlik gehad het.

Dit is dieselfde vir ons lewens. Uit vrees vir verwerping of uit onkunde of selfs omdat ons aanvaar dat 'n “sukkelbestaan” die kaart is wat ons ontvang het, mis ons God se lewe in oorvloed wat Hy vir ons beplan.

Dawid het dit verstaan. In Psalm 139:16-18 skryf hy: “U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal! As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.”

Vrees kan egter veroorsaak dat ons soos die naamlose visserman passief raak. Ons dink dit is veiliger om die geskenk (of droom) wat God vir ons gegee het onder die bed te bêre. Ons oorleef eerder as werklik te leef. Seerkry verhoed ons byvoorbeeld om soms weer te waag om lief te hê. 'n Vrees vir verwerping weerhou ons byvoorbeeld om 'n besigheidsplan 'n werklikheid te maak terwyl ons eerder in 'n beroep bly waarvoor ons reeds lankal ons passie verloor het.

Vraag: Wat is daardie droom vir jou soos die visserman se pêrel onder die bed? Kom ons neem vandag die stap van geloof en gesels met God daarvoor. Kom ons vra Hom om ons met wysheid en kreatiwiteit te lei om dit 'n werklikheid te maak. Die waarde daarvan mag ons dalk ook verstom laat! Sterkte.

Gebed: Vader God, baie dankie vir die geskenk van u Woord. Lei my asseblief deur u Heilige Gees om te verstaan wat ek lees en om U karakter beter te leer ken. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Baie Dankie!

Vandag bedank ons elkeen wat tyd en energie en toewyding teruggee in die diens vir sy/haar Vader in die hemel: wat jy ookal doen om te dien by Bergbron! Baie baie dankie en mag die Here jou seën ver bo jou verwagtinge!



Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug en Koster – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Wesley Abourizk 071 492 7395; Herman Coetzee 079 308 5404;
Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079
710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Wat beteken dit om 'n Protestant te wees? Die basis is sekerlik die vyf *solas* van die Hervorming:

- Sola Scriptura – die Skrif alleen.
- Sola gratia – genade alleen.
- Sola fide – geloof alleen.
- Sola Christus – Christus alleen.
- Soli Deo gloria – aan God alleen die heerlikheid.

Die probleem is dat baie gelowiges nog nooit van hulle gehoor het nie. Dit mag wees dat hulle nog nie die name gehoor het nie, maar die leerstellings sal herken as hulle hoor wat elke *sola* beteken. Vir baie gelowiges is hulle egter vreemd – selfs kwetsend. Ons leef in 'n tyd waar die gesag van die Skrif en die eksklusiwiteit van Christus as Middelaar bevraagteken word. Die versoeking is om aan hierdie vyf *solas* as museumstukke te dink – iets uit 'n tydperk lank gelede met geen toepassing vir vandag se kerk nie. Nie waar nie. Ons het hierdie *solas* nog net so nodig soos die Hervormers hulle 500 jaar gelede gehad het.

BLOG DEUR [COEN SLABBER](#)